Geagte HJS Oud-student

Dit is vir ons 'n groot voorreg om by die HJS betrokke te wees as verteenwoordigers van 'n paar duisend oud-studente. Ons deel graag die volgende inligting met jou so aan die begin van 'n nuwe jaar.

Die OSU het oor die afgelope paar jaar ingrypende veranderinge ondergaan ten einde relevant te bly in veranderende tye.

Verder verwag Boishaaiers dat die OSU dinamies sal wees en ons unie te onderskei van middelmatigheid. Ons is mos gewoond daaraan om die beste van mekaar te vereis!

Boishaaiers se deelname en betrokkenheid maak 'n positiewe bydrae in 'n negatiewe wêreld. Uiteindelik is die skool, die huidige geslag leerders en die toekomstige geslagte die begunstigdes van ons kollektiewe poging. Ons is almal terdeë bewus van uitdagings wat ons land (en die breër wêreld) in die gesig staar. Juis hierdie uitdagings maak die OSU se rol en aktiwiteite die moeite werd!

Dit is opmerklik dat Boishaaiers 'n hunkering het om betrokke te bly by Boishaai. Die OSU is 'n diensorganisasie wat aan old boys die **meganisme gee om op 'n gestruktureerde manier** betrokke te raak en bly by hul alma mater.

Die OSU se ondersteuningsrol is drieledig:

1. **Positiewe motiveerder** - Boishaai is deel van old boys se DNS. Old boys is elkeen op sy manier trots op sy verbintenis met die skool, nuuskierig oor wat aan die gebeur is, teleurgesteld oor swak prestasies en gedrag, ens.
   Ons mag dalk nie almal saamstem oor die stand van sake of 'n sekere kwessie nie, maar die belangrike is dat ons ***betrokke bly en ons ondersteuning (en ook kritiek) op 'n positiewe manier verwoord.***

2. **Finansiële ondersteuning** – Die OSU ondersteun die skool graag finansiëel. Die skool het sy eie begroting, maar 'n skool soos Boishaai het altyd addisionele fondse nodig ten einde aan die voorpunt te bly. Die OSU-bestuur se doelwit is om ***meer old boys betrokke te kry wat elkeen klein finansiële bydraes maak op 'n herhalende basis*** eerder as wat daar van enkele individue verwag word om groot bydraes te maak. ***Ons glo dat die vermenigvuldige effek en massa-deelname die regte befondsingsmodel is vir die toekoms. Dit laat egter steeds ruimte vir individue wat groter bydraes wil en kan maak.***
   Ons besef ook dat old boys wat 'n finansiële bydrae maak goeie rentmeesterskap vewag. ***Ons belofte aan ons lede is deursigtigheid en volle openbaarmaking***. Ons het onlangs (in samewerking met die skool) besluit dat alle fondsinsamelingsprojekte ge-ouditeer moet word. Lede moet weet dat hulle bydraes aangewend word tot voordeel van Boishaai. ***Geen persoon by die OSU of die skool verdien kommissie of fooie op enige bydraes nie!***

3. **Beskermer van geskiedenis en tradisies** – Dit is belangrik dat die skool sy old boys se insette (positief en negatief) in ag neem. Ons is dankbaar dat daar 'n goeie verhouding tussen die skool en die OSU is. Verder skep die skoolbestuur genoeg geleentheid vir die OSU om insette te lewer oor sake wat vir old boys belangrik is. Die beginsel is weer eens dat ons nie ja-broers hoef te wees nie, maar dat insette gestruktureerd en deur die regte kanale aan die skool oorgedra en debatteer word. Die feit dat 17 matrieks verlede jaar 2de tot 4de geslag Boishaaiers is, is 'n riem onder die hart.

Is ons naïef? Moontlik. Is ons idealisties? Beslis.

Die doel van hierdie skrywe is om inligting met Boishaaiers te deel en presies uit te spel waar en hoe jy kan betrokke raak. Ons wil jou vra om deel te raak van dit waarmee die OSU besig is.

1. **Inligting:** besoek www.paarlboyshighobu.com vir die nuutste nuus, reünie-inligting en ander aktiwiteite.
2. **"Die Galpil",** ons amptelike nuusbrief, word in Mei en Desember van elke jaar versprei. 'n Kopie van die afgelope paar jaar se Galpille verskyn op die webblad.
3. **Kantoor:** Die OSU het 'n pragtige kantoor te Hoofstraat 232. Die museum word ook hier gehuisves. As jy dit nog nie gedoen het nie, nooi ons jou om die kantoor en museum te kom besoek. Bring sommer jou vrou en kinders saam. Dalk verstaan hulle jou lojaliteit en passie vir Boishaai sommer beter!
4. **Personeel:** Ons het 2 voltydse kantoorwerkers. Hulle behartig ledesake, korrespondensie, organisering van aktiwiteite en bemarking.
   Francina van Rhyn - 021 872 2835 / info@paarlboyshighobu.com.
   Esme du Toit – 072 226 2366 / admin@paarlboyshighobu.com.
5. **Aktiwiteite:** Behalwe vir die normale ledesake en kommunikasie is die OSU ook verantwoordelik vir 'n paar funksies en geleenthede deur die jaar.
   Pa-en-seun dasoorhandiging – In Oktober oorhandig die OSU dasse en lidkaarte aan matrieks wat aansluit by die OSU. Dit het tradisie geword dat die 20-jaar reüniegroep die beskermheer van hierdie funksie is in samewerking met die OSU.
   Personeelfunksie – Die OSU tree as gasheer op vir die hoër- en laerskool se personeel en hul gades tydens die jaareindfunksie.
   Interskole – Rondom interskole is die OSU gemoeid met 'n hele paar aktiwiteite. Maandag – US studente drink 'n bier of twee saam met die OSU en onderwysers op Stellenbosch. Woensdag - old boys rugby, Donderdag – old boys gholf, Vrydagaand – Groot Brag.
6. **Reünies:** Die OSU-kantoor speel 'n al groter rol met die reël van reünies vir die onderskeie jaargroepe. Esme du Toit help graag met die identifisering en bespreking van onthaalplek, spyseniering en verblyf.

Lidmaatskap, ledegelde, skenkings en bemakings
Die OSU is afhanklik van ledegeld ten einde die bogenoemde aktiwiteite te befonds.

Tot einde 2011 was ledegeld 'n intreefooi van R500 en daarna slegs R150 per jaar.

Nuwe ledegeldstruktuur effektief vanaf Januarie 2012:

Nuwe lede (matrieks uitgesluit) sal vanaf Januarie 2012 'n eenmalige aansluitingsfooi van R 200 betaal asook 'n jaarfooi van R360. By aansluiting kry 'n nuwe lid 'n OSU-das en lidkaart.

Bestaande lede is onder geen verpligting om die nuwe fooistelsel te aanvaar nie. Ons doen egter 'n ernstige beroep op bestaande lede om die nodige vorms te voltooi ten einde hul lidmaatskap te omskep na die nuwe struktuur van R360 per jaar. Let wel – die eenmalige R200 is nie van toepassing op bestaande lede wat omskep nie.

Dit is moontlik om ***addisioneel te skenk*** en by te dra bo en behalwe die normale ledegeld. Die aansoekvorm maak dit moontlik om aan te dui waarvoor hierdie addisionele bydrae aangewend moet word.

Die OSU moderniseer ook die ledegeldadministrasie-stelsel. In die verlede moes lede tjeks uitskryf of by hulle bank gereël het vir aftrekorders. Ons het egter nou die vermoë om geld te vorder d.m.v. ***debietorderinstruksie*** vanaf 'n spaar-, tjek- of kredietkaartrekening (Visa of Mastercard).

Vul bloot die nodige vorm in, gee instruksie oor hoeveel ons moet vorder, op watter datum en ook hoe ons die fondse moet aanwend. Ons sal die res doen!

Bemakings: Daar is 'n kodisil op die webblad beskikbaar vir old boys wat 'n gedeelte van sy boedel aan die skool of OSU wil bemaak.

Streekkomitees: Die OSU wil graag meer en sterker ge-organiseerde streekkomitees vestig en uitbou. Hierdie kwessie moet meer aandag en prominensie verkry. Hou die spasie dop! Etienne van der Spuy het reeds aangedui dat daar 'n behoefte is aan 'n komitee in Engeland. Francois van der Spuy en Robert Bricout het reeds hande opgesteek om hiermee behulpsaam te wees. Skakel die OSU-kantoor met besonderhede van old boys in Europa sodat ons die manne kan nader.

Algemene jaarvergadering: Die OSU se algemene jaarvergadering vind aan die einde van Augustus plaas. Lede kry vooraf kennisgewing en word aangemoedig om die vergadering by te woon. Dit is immers die plek waar die gekose komitee verantwoording doen van hulle doen en late. Kyk ook na ons grondwet vir meer inligting. Dit is op die webblad beskikbaar.

Gaan oor tot aksie!

a) Skakel die OSU-kantoor en bring jou persoonlike inligting op datum.
b) Sluit aan of omskep jou lidmaatskap indien jy reeds 'n lid is.
c) Knyp 'n tydjie af en stuur vir ons besonderhede van ander old boys met wie jy nog kontak het.
d) Stuur vir ons interessante inligting, stories, foto's en herinneringe wat help skryf aan die Boishaai verhaal.
e) Gee jou opinie en idees. Positief of negatief. Ons aanvaar dit in die gees waarin dit gedeel word!

Ons groet met die volgende gedagte: Boishaai se old boys is trots om deur middel van eksklusiewe lidmaatskap, betrokkenheid en bydrae deel te wees aan die vorming en uitbouïng van 'n skool van wêreldklas gehalte. Dit is ons nalatenskap. Dit is ons eer.

Galpil groete
Rinus van der Sluys

BE THE GENTLEMAN PAARL BOYS' HIGH IS KNOWN TO RAISE